Conquesta 2008

(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades – Gev. 1998)
Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika
Tel: (031) 764-1972 * Faks: (086) 637-7808 of (031) 764-0074
E-Pos adres: conquest@iafrica.com * Webtuiste: www.conquestaolympiads.com

Sosiale Wetenskappe – Graad 7

Welkom by Conquesta se Olimpiade. Ons vertrou dat jy dit baie sal geniet, en baie sal leer, terwyl jy lees en die vrae beantwoord. Nadat jy die inligting en die vrae noukeurig bestudeer het, moet jy 'n keuse maak. Sodra jy besluit het watter antwoord mees korrek is, moet jy die toepaslike blokkie volledig inkleur. Gebruik asseblief 'n 2B of B potlood vir hierdie doel. Indien jou antwoord vir Vraag 4 'c' is, moet die blokkie gemerk 'c' wat teenoor Vraag 4 verskyn, netjies ingekleur word. (Sien onderstaande voorbeeld). Kleur slegs een blokkie per vraag in en maak seker dat foute behoorlik uitgewis word sodat jou antwoord duidelik is.

Voorbeeld:-

4.	a	b	■	d

Mapungubwe Kulturele Landskap in Afrika

Lees die inligting regs en besluit of die stellings in vraag 1 – 7 waar is, onwaar is, of daar nie genoeg bewyse is nie.

(a) Waar
(b) Onwaar
(c) Daar is nie genoeg bewyse nie.

Die inligting in die uittreksel impliseer dat ……

1. **hierdie mense nie in staat was om oor groot afstande oor water te reis nie.**
2. **die mense van Mapungubwe geen vyande gehad het nie.**
3. **Mapungubwe 'n ryk koninkryk was.**
4. **hierdie koninkryk gevorderd vir sy tyd was.**
5. **die mense van Mapungubwe afstammelinge van die Ngunivolk was.**
6. **die mense van Mapungubwe in staat was om metaal te smelt.**
7. **die vername Mapungubwerenoster waarskynlik aan die heerser behoort het.**

Plek: Limpopoprovinsie.
Verklaar as Wêrelderfenisterrein in 2003.

Vanaf 900 tot 1300 n.C., toe Europa nog in die greep van die Donker Eeue was, was daar 'n groot Suider Afrika-koninkryk wat handelsnetwerke so ver soos China gehad het. In die hart hiervan het 'n koninklike fort gelê wat bo-op Mapungubweheuwel geleë is en wat uitkyk oor die plek waar die Limpopo- en Shasherivier ontmoet. Mapungubweheuwel kan gevind word op die plek wat nou die noorde van Limpopoprovinsie is, op die grense van Botswana en Zimbabwe.

Die ou koninkryk van Mapungubwe het 'n ontsaglike handelsnetwerk beheer wat sowat 30 000 km² weerskante van die Limpopo- en Shasherivier gestrek het, en het handel gedryf met mense so ver weg soos Oos-Afrika, Egipte, Persië, Arabië, Oos-Asië, Indië en China. Mapungubwe het goud, koper, yster, volstruiseiers en volstruiseier-krale, been-tekstiele, olifantivoor, seekoei-ivoor, luiperdvelle, pelse en eksotiese velle soos krokodilvel, verhandel.

Behalwe die skatte van Mapungubwe, spog die gebied met ryk dinosourusfossiele, rotskuns van sommige van sy vroegste San-inwoners, die fantastiese hoë Njalabessiebome, reuse kremetartbome, oewerbosse en vloedvlaktes. Daar is ook 'n ongewone diversiteit van wild, wat tamaaie olifanttroppe insluit.

Die Provinsiale Wapen

Limpopoprovinsie

Die skild van beskerming word ondersteun deur twee sterk, taai **…8…** wat nie maklik prooi vir roofdiere word nie en is vreesloos wanneer hulle hul kalfies moet verdedig. Die skild bevat 'n **...9...** (skuiling, kos en nuttige medisyne). Die gegolfde lyn bo-aan verwys na die bergreekse van die provinsie. Die kroon is van goue en silwer broodboomblare gemaak. Die broodboom is 'n lewende **…10…** , 'n eeue-oue beskermde plant wat hier groei. Die spreuk is 'Vrede, Eendrag en Welvaart'.

Watter woorde ontbreek by 8 – 10 in die inligting oor die Limpopo-provinsie se wapen?

8.	(a) koeie	(b) wildebeeste	(c) wildevarke	(d) buffels
9.	(a) wildevy	(b) kremetart	(c) eikeboom	(d) geelhout
10.	(a) voorbeeld	(b) gedenkteken	(c) fossiel	(d) replica

Verhaal van 'n held van Afrika – Hamilton Naki

Geen hoërskoolonderwys gehad nie. Het as tuinier gewerk. Word onthou as 'n briljante chirurg, narkotiseur en onderwyser van mediese studente.

Hamilton Naki het uit 'n arm familie gekom en skool verlaat toe hy maar 14 jaar oud was. Die Universiteit van Kaapstad (UK) het hom as tuinier aangestel. Hy het met die laboratoriumdiere in die mediese fakulteit gehelp en 'n merkwaardige vermoë getoon met chirurgiese metodes, narkose en nasorg by operasies. Mettertyd het dr. Chris Barnard hom betrek by onderrig, navorsing en uiteindelik by die wêreld se eerste hartoorplanting. Alhoewel professors hom erken het, is Naki nooit amptelik erken nie vanweë die apartheidstelsel. Hy het op 'n tuinier se pensioen afgetree. In 2002 het hy die brons *Ordeteken van Mapungubwe* ontvang, en hy het 'n eregraad in medisyne van die Universiteit van Kaapstad ontvang.